- (b) wat 'n beherende maatskappy, soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, is ten opsigte van 'n ander publieke maatskappy wat ingevolge artikel 16 aansoek gedoen het om registrasie as 'n bank, kan op die [voorgeskrewe] vorm wat in die Regulasies aangaande Banke voorgeskryf word by die Registrateur aansoek doen om registrasie as 'n beherende maatskappy ten opsigte van daardie bank of beoogde bank, na gelang van die geval.”. 5

**Wysiging van artikel 44 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 9 van 1993**

- 31. Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig—** 10
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) kan die Registrateur, na oorweging van alle inligting, stukke en besonderhede wat ingevolge artikel 43 verstrekkend is vir die doeleindes van 'n aansoek kragtens daardie artikel, die betrokke aansoek toestaan of weier of die aansoek toestaan onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy opstel.”; 15
- (b) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
- “Die Registrateur mag nie 'n aansoek wat kragtens artikel 43 gedoen is, toestaan nie tensy hy of sy daarvan oortuig is—”; 20
- (c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(3) Wanneer die Registrateur ingevolge hierdie artikel 'n aansoek om registrasie as 'n beherende maatskappy toestaan of weier, moet hy of sy die betrokke aansoeker skriftelik daarvan in kennis stel.”; 25
- (d) deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) Indien die Registrateur ingevolge hierdie artikel 'n aansoek toestaan, moet hy of sy, by voldoening deur die aansoeker aan die voorwaardes onderworpe waaraan die aansoek toegestaan is en teen betaling van die voorgeskrewe registrasiegelde, die betrokke aansoeker as 'n beherende maatskappy ten opsigte van die betrokke bank registreer en op die voorgeskrewe vorm aan die aansoeker 'n sertifikaat van registrasie as 'n beherende maatskappy ten opsigte van die betrokke bank uitreik.”; 30
- (e) deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
- “Benewens enige ander voorwaarde wat die Registrateur kragtens subartikel (1) mag opstel, kan hy of sy 'n voorwaarde opstel wat vereis dat 'n aansoeker wat in die omstandighede bedoel in artikel 43(1)(a) om registrasie as 'n beherende maatskappy aansoek gedoen het—”; en 35
- (f) deur paragraaf (a) van subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) Wanneer die Registrateur 'n voorwaarde bedoel in subartikel (5)(b) opgelê het, kan hy of sy, na oorlegpleging met die betrokke aansoeker, 'n persoon aanwys om, onafhanklik van die aansoeker, ondersoek in te stel na, en die Registrateur van advies te dien aangaande, die redelikheid en billikheid van die grondslag en voorwaardes waarop die aansoeker van voorneme is om die aanbod van aandele ter voldoening aan die voorwaarde te doen.”. 40 45

**Vervanging van artikel 47 van Wet 94 van 1990**

- 32. Artikel 47 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:**

**“Intrekking van registrasie op versoek van beherende maatskappy**

- 47.** Die Registrateur moet die registrasie van 'n beherende maatskappy intrek by voorlegging aan hom of haar deur die beherende maatskappy van 'n spesiale besluit beoog in artikel 200 van die Maatskappywet waarby sodanige intrekking gemagtig word.”. 50

**Amendment of section 50 of Act 94 of 1990**

33. Section 50 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words following upon paragraph (b) of the following words:

“shall manage its transactions in such investments in such a way that the amount of such investments does not at any time exceed 40 per cent of the sum of [its] the share capital and reserve funds of the controlling company and any bank under its control, calculated on a consolidated basis in the manner prescribed.”.

**Amendment of section 51 of Act 94 of 1990, as amended by sections 11 and 25 of Act 9 of 1993**

34. Section 51 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 52 of Act 94 of 1990, as amended by section 3 of Act 55 of 1996**

35. Section 52 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) establish a subsidiary or create a division in the manner prescribed within or outside the Republic or enter into an agreement having the effect that any company becomes its subsidiary or such division within or outside the Republic;”;

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The Registrar may require an applicant contemplated in subsection (2) to furnish him or her with such information, in addition to particulars furnished by the applicant in terms of that subsection, as the Registrar may deem necessary.”.

**Amendment of section 54 of Act 94 of 1990, as substituted by section 6 of Act 42 of 1992 and amended by sections 12 and 25 of Act 9 of 1993, Proclamation No. 132 of 1994, section 36 of Act 26 of 1994 and section 5 of Act 55 of 1996**

36. Section 54 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph (a) and paragraph (a) of the following words and paragraph:

“The Minister shall not grant his or her consent referred to in subsection (1) unless—

(a) he or she is satisfied that the transaction in question will not be detrimental to the public interest;”;

(b) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“(7) Upon registration of a bank by the Registrar in terms of subsection (6), he or she shall issue a certificate of registration to the bank concerned.”;

(c) by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

“(8) The Registrar of Companies, every Master of the [Supreme] High Court and every officer or person in charge of a deeds registry or any other office, if, in [his] the office of such Registrar, Master, officer or person or any register under [his] the control of such Registrar, Master, officer or person there—

(a) is registered any title to property belonging to, or any bond or other right in favour of, or any appointment of or by;

(aA) is registered any share, stock, debenture or other marketable security in favour of; or

(b) has been issued any licence to or in favour of, any bank which has amalgamated with any other bank or any bank which has transferred all or part of its assets and liabilities to any other bank or person, shall, if satisfied—

(i) that the Minister has consented in terms of subsection (1) to the amalgamation or transfer; and

(ii) that such amalgamation or transfer has been duly effected,



**Wysiging van artikel 50 van Wet 94 van 1990**

33. Artikel 50 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat volg op paragraaf (b) deur die volgende woorde te vervang:

“moet [sy] die transaksies daarvan in sodanige belegging so bestuur dat die bedrag van sodanige beleggings op geen tydstip meer as 40 persent van die som van [sy] die aandeelkapitaal en reserwefondse van die beherende maatskappy en enige bank onder die beheer daarvan, bereken op 'n gekonsolideerde grondslag soos voorgeskryf, bedra nie.” 5

**Wysiging van artikel 51 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 11 en 25 van Wet 9 van 1993**

10

34. Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) te skrap.

**Wysiging van artikel 52 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 55 van 1996**

35. Artikel 52 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 15
 

“(a) [n filiaal] binne of buite die Republiek 'n filiaal stig of 'n afdeling soos voorgeskryf skep of 'n ooreenkoms aangaan wat die uitwerking het dat die een of ander maatskappy binne of buite die Republiek sy filiaal of so 'n afdeling word nie;”; en
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 20
 

“(3) Die Registrateur kan van 'n aansoeker beoog in subartikel (2) vereis om benewens besonderhede ingevolge daardie subartikel deur die aansoeker verstrek, die verdere inligting aan die Registrateur te verstrek wat hy of sy nodig ag.”.

**Wysiging van artikel 54 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 6 van Wet 42 van 1992 en gewysig deur artikels 12 en 25 van Wet 9 van 1993, Proklamasie No. 132 van 1994, artikel 36 van Wet 26 van 1994 en artikel 5 van Wet 55 van 1996**

36. Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan en paragraaf (a) deur die volgende woorde en paragraaf te vervang: 30
 

“Die Minister verleen nie sy of haar toestemming bedoel in subartikel (1) nie tensy—

(a) hy of sy daarvan oortuig is dat die betrokke transaksie nie vir die openbare belang nadelig sal wees nie;”;
- (b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang: 35
 

“(7) By die registrasie van 'n bank deur die Registrateur ingevolge subartikel (6) moet hy of sy 'n registrasiesertifikaat aan die betrokke bank uitreik.”;
- (c) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 

“(8) Die Registrateur van Maatskappye, elke Meester van die [Hooggeregshof] Hoë Hof en elke beampte of persoon wat aan die hoof staan van 'n registrasiekantoor van aktes of enige ander kantoor, indien daar, in [sy] die kantoor van so 'n Registrateur, Meester, beampte of persoon of enige register onder [sy] die beheer van so 'n Registrateur, Meester, beampte of persoon— 45

  - (a) geregistreer is 'n titelbewys van goed wat behoort aan, of 'n verbandakte of ander reg ten gunste van, of 'n aanstelling van of deur;
  - (aA) geregistreer is enige aandeel, effek, skuldbrief of ander verhandelbare sekuriteit ten gunste van; of
  - (b) 'n lisensie uitgereik is aan of ten gunste van, 50
 

'n bank wat met 'n ander bank geamalgameer het, of 'n bank wat al of 'n gedeelte van sy bates en laste aan 'n ander bank of persoon oorgedra het, moet, indien daarvan oortuig—

    - (i) dat die Minister ingevolge subartikel (1) tot die amalgamasie of oordrag toegestem het; en 55
    - (ii) dat bedoelde amalgamasie of oordrag behoorlik geskied het,

- and upon production to [him] such Registrar, Master, officer or person of any relevant deed, bond, share, stock, debenture, certificate, letter of appointment, licence or other document, make such endorsements thereon and effect such alterations in [his] the registers of such Registrar, Master, officer or person as may be necessary to record the transfer of the relevant property, bond or other right, share, stock, debenture, marketable security, letter of appointment or licence and of any rights thereunder to the amalgamated bank or, as the case may be, to the bank or person that has taken transfer of the said assets and liabilities.”; and
- (d) by the substitution in subsection (11)(c) for the words preceding subparagraph (ii) of the following words:
- “neither the Securities Regulation Panel established by section 440B of the Companies Act nor its executive committee or its executive director shall furnish any clearance, decision or ruling in respect of a matter submitted to it or [him] such executive director in terms of the provisions of the above-mentioned Code or Rules, and which matter relates to an affected transaction, as defined in section 440A(1) of the Companies Act involving—”.

**Amendment of section 56 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

37. Section 56 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
- “The Registrar shall not grant any application referred to in subsection (2) if he or she is of the opinion—”; and
- (b) by the substitution in subsection (5) for paragraph (b) of the following paragraph:
- “(b) in the case of a special resolution relating to a change of name, change the name of the bank concerned in [his] the register of banks, and issue to the bank concerned a certificate of such change of name.”.

**Amendment of section 57 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

38. Section 57 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

- “(3) If a bank refuses or fails to alter its memorandum of association or articles of association in accordance with a direction of the Registrar under subsection (1), the Registrar may submit a copy of that direction to the Registrar of Companies, who shall thereupon deal with the proposed alteration contained therein in accordance with the Companies Act as if it were contained in a special resolution adopted by the bank concerned and submitted to [him] the Registrar of Companies by that bank in accordance with that Act.”.

**Amendment of section 59 of Act 94 of 1990, as amended by sections 13 and 25 of Act 9 of 1993 and section 38 of Act 26 of 1994**

39. Section 59 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (2) for paragraph (b) of the following paragraph:
- “(b) the number and class of shares registered in [his] the name of the shareholder”; and
- (b) by the substitution in the proviso to subsection (2) for the words preceding item (aa) of paragraph (ii) of the following words:
- “that the name of a shareholder and the particulars referred to in paragraphs (a) to (e), inclusive, shall, subject to subsection (3), not be included in such a list if the total nominal value of the shares registered in [his] the name of the shareholder—”.

en by voorlegging aan [hom] so 'n Registrateur, Meester, beampte of persoon van 'n tersaaklike akte, verbandakte, aandeel, effek, skuldbrief, sertifikaat, aanstellingsbrief, lisensie of ander stuk, die endossemente daarop aanbring en die veranderings in [sy] die registers van so 'n Registrateur, Meester, beampte of persoon aanbring wat nodig is om die oordrag van die betrokke goed, verband of ander reg, aanstellingsbrief, aandeel, effek, skuldbrief, verhandelbare sekuriteit, aanstellingsbrief of lisensie en van enige regte daarkragtens aan die gemalgameerde bank of, na gelang van die geval, aan die bank of persoon wat oordrag van bedoelde bates en laste geneem het, te boekstaaf.”; en

- (d) deur in subartikel (11)(c) die woorde wat subparagraaf (ii) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:  
 “mag nóg die Paneel oor Sekuriteitsregulering ingestel by artikel 440B van die Maatskappywet nóg [sy] die uitvoerende komitee of [sy] uitvoerende direkteur daarvan enige uitklaring, beslissing of uitsluitel verstrek ten opsigte van 'n aangeleentheid wat ingevolge die bepalings van bogenoemde Kode of Reëls aan [hom] daardie Paneel, komitee of uitvoerende direkteur voorgelê word, en welke aangeleentheid betrekking het op 'n geaffekteerde transaksie, soos omskryf in artikel 440A (1) van die Maatskappywet, wat—”.

**Wysiging van artikel 56 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

37. Artikel 56 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:  
 “Die Registrateur mag nie 'n aansoek bedoel in subartikel (2) toestaan nie indien hy of sy van oordeel is—”; en  
 (b) deur paragraaf (b) van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(b) in die geval van 'n spesiale besluit betreffende 'n naamsverandering, die naam van die betrokke bank in [sy] die register van banke verander en aan die betrokke bank 'n sertifikaat van sodanige naamsverandering uitreik.”.

**Wysiging van artikel 57 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

38. Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(3) Indien 'n bank weier of versuim om sy akte van oprigting of statute te wysig ooreenkomstig 'n lasgewing van die Registrateur kragtens subartikel (1), kan die Registrateur 'n afskrif van daardie lasgewing aan die Registrateur van Maatskappye voorlê, waarop daardie Registrateur met die voorgestelde wysiging daarin vervat ooreenkomstig die Maatskappywet moet handel asof dit vervat is in 'n spesiale besluit wat deur die betrokke bank aangeneem en deur daardie bank ooreenkomstig daardie Wet aan [hom] die Registrateur van Maatskappye voorgelê is.”.

**Wysiging van artikel 59 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 13 en 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 38 van Wet 26 van 1994**

39. Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(b) die getal en soort aandele op [sy] die naam van die aandeelhouer geregistreer;”; en  
 (b) deur in paragraaf (ii) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) die woorde wat subparagraaf (aa) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:  
 “dat die naam van die aandeelhouer en die besonderhede bedoel in paragrawe (a) tot en met (e), behoudens subartikel (3), nie in so 'n lys opgeneem word nie indien die totale nominale waarde van die aandele wat op [sy] die naam van die aandeelhouer geregistreer is—”.

**Amendment of section 60 of Act 94 of 1990, as substituted by section 1 of Act 81 of 1991 and amended by section 25 of Act 9 of 1993 and section 39 of Act 26 of 1994**

40. Section 60 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Each director, chief executive officer and executive officer of a bank [or controlling company shall stand in a fiduciary relationship] owes a fiduciary duty and a duty of care and skill to the bank [or controlling company, as the case may be,] of which [he] such a person is a director, chief executive officer or executive officer.”;

(b) by the insertion of the following subsections after subsection (1):

“(1A) Each director, chief executive officer and executive officer of a bank owes a duty towards the bank to—

- (a) act *bona fide* for the benefit of the bank;
- (b) avoid any conflict between the bank's interests and the interests of such a director, chief executive officer or executive officer, as the case may be;
- (c) possess and maintain the knowledge and skill that may reasonably be expected of a person holding a similar appointment and carrying out similar functions as are carried out by the director, chief executive officer or executive officer of that bank; and
- (d) exercise such care in the carrying out of his or her functions in relation to that bank as may reasonably be expected of a diligent person who holds the same appointment under similar circumstances, and who possesses both the knowledge and skill mentioned in paragraph (c) and any such additional knowledge and skill as the director, chief executive officer or executive officer in question may have.

(1B) (a) The Registrar may institute action in terms of section 424 of the Companies Act against any director, chief executive officer or executive officer of a bank who was knowingly a party to the carrying on of the business of the bank in the manner envisaged in that section.

(b) Notwithstanding anything to the contrary in any law, any amount recovered as a result of proceedings instituted by the Registrar as envisaged in paragraph (a), shall be utilized—

- (i) first to reimburse all expenses reasonably incurred by the Registrar in bringing such proceedings;
- (ii) thereafter to set off against any amount paid to depositors by the Registrar, a deposit insurance scheme, or any governmental body, as part or full compensation for the losses suffered by depositors as a result of the bank being unable to repay their deposits; and
- (iii) thereafter for the *pro rata* repayment of the losses of depositors.”.

(c) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Without derogating from the [generality of the expression ‘fiduciary relationship’ in subsection (1), the provisions of that subsection imply that a director—] provisions of subsections (1) and (1A), a director, chief executive officer or executive officer of a bank shall, in the performance of his or her functions in respect of that bank, observe such guidelines and comply with such requirements as may be prescribed under section 90(1)(b).

[(a) shall, in relation to the bank or controlling company of which he is a director, act honestly and in good faith and, in particular, shall exercise such powers as he may have to manage or represent the bank or controlling company, exclusively in the best interests and for the benefit of the bank and its depositors or of the controlling company, as the case may be; and

**Wysiging van artikel 60 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 1 van Wet 81 van 1991 en gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 39 van Wet 26 van 1994**

**40. Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig—**

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Elke direkteur, hoof- uitvoerende beampte en uitvoerende beampte van ’n bank [of beherende maatskappy staan in ’n vertrouensverhouding tot] het ’n vertrouensplig en ’n sorgsaamheids- en kundigheidsplig teenoor die bank [of beherende maatskappy, na gelang van die geval,] waarvan [hy] so ’n persoon ’n direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte is.”;

(b) deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) Elke direkteur, hoof- uitvoerende beampte en uitvoerende beampte van ’n bank het ’n plig teenoor die bank om—

- (a) te goeder trou ten bate van die bank op te tree;
- (b) enige botsing tussen die belange van die bank en die belange van so ’n direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte, na gelang van die geval, te vermy;
- (c) die kennis en vaardigheid te besit en in stand te hou wat redelikerwys verwag kan word van ’n persoon wat ’n soortgelyke pos beklee en soortgelyke werksaamhede verrig as wat verrig word deur die direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte van daardie bank; en
- (d) die mate van sorgsaamheid by die verrigting van sy of haar werksaamhede met betrekking tot daardie bank toe te pas as wat redelikerwys verwag kan word van ’n vlytige persoon wat dieselfde pos onder soortgelyke omstandighede beklee, en wat beide die kennis en vaardigheid besit wat in paragraaf (c) vermeld word asook enige sodanige bykomende kennis en vaardigheid waaroor die betrokke direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte mag beskik.

(1B) (a) Die Registrateur kan ingevolge artikel 424 van die Maatskappywet ’n aksie instel teen enige direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte van ’n bank wat wetens deelgeneem het aan die uitoefening van die bedryf van die bank op die wyse wat in daardie artikel beoog word.

(b) Ondanks andersluidende bepalings van enige wet, moet enige bedrag wat verhaal word as gevolg van ’n geding ingestel deur die Registrateur, soos beoog in paragraaf (a), aangewend word—

- (i) om allereers alle uitgawes te vergoed wat redelikerwys deur die Registrateur aangegaan is by die voer van sodanige geding;
- (ii) om daaropvolgens enige bedrag te verreken wat deur die Registrateur, ’n depositoversekeringskema of enige regeringsliggaam aan deposante betaal is, as gedeeltelike of volle vergoeding vir verliese deur deposante gelyk as gevolg daarvan dat die bank nie daartoe in staat was om hul deposito’s terug te betaal nie; en
- (iii) daaropvolgens vir die pro-rata terugbetaling van die verliese van deposante.”;

(c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Sonder om afbreuk te doen aan die **[algemeenheid van die uitdrukking ‘vertrouensverhouding’ in subartikel (1), impliseer die bepalings van daardie subartikel dat ’n direkteur—]** bepalings van subartikel (1) en (1A), moet ’n direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte van ’n bank by die verrigting van sy of haar werksaamhede ten opsigte van daardie bank die riglyne volg en voldoen aan die vereistes wat kragtens artikel 90(1)(b) voorgeskryf word.

**[(a) met betrekking tot die bank of beherende maatskappy waarvan hy ’n direkteur is, eerlik en te goeder trou moet optree en, in die besonder, die bevoegdhede waaroor hy beskik om die bank of beherende maatskappy te bestuur of te verteenwoordig, uitsluitlik in belang en tot voordeel van die bank en sy deposante of van die beherende maatskappy, na gelang van die geval, moet uitoefen; en**



- (b) shall, in the performance of his functions as director of such bank or controlling company, observe such guide-lines and comply with such requirements as may be prescribed under section 90(1)(b).]”;
- (d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection: 5
- “(5) (a) (i) Every bank **[and every controlling company shall, at least 30 days prior to the appointment of a new director (whether for the purpose of the filling of a casual vacancy or in any other circumstances) to its board of directors becoming effective, in writing furnish the Registrar with the prescribed information in respect of the proposed new director]** shall give the Registrar written notice of the nomination of any person for appointment as a non-executive member of its board of directors by furnishing the Registrar with the prescribed information in respect of the nominee. 10
- (ii) The notice shall reach the Registrar at least 30 days prior to the proposed date of appointment. 15
- (iii) The Registrar may object to the proposed appointment by means of a written notice, stating the grounds for the objection, given to the chairperson of the board of directors of the bank and to the nominee, within 20 days of receipt of the notice referred to in subparagraph (ii). 20
- (iv) If the Registrar objects to the proposed appointment as envisaged in subparagraph (iii), the bank shall not appoint the nominee and any purported appointment shall have no legal effect: Provided that the bank or nominee may dispute the Registrar’s objection, in which case the provisions of subsection (6)(d) to (k), inclusive, shall apply *mutatis mutandis*. 25
- (b) (i) **[No appointment of a new director to the board of directors of any bank or controlling company, as contemplated in paragraph (a), shall have legal force for the purpose of this Act or any other law unless the prescribed information in respect of such director has been furnished to the Registrar in accordance with the provisions of paragraph (a)]** Every bank shall give the Registrar written notice of the appointment of a chief executive officer, executive director or executive officer by furnishing the Registrar with the prescribed information in respect of the appointee. 30
- (ii) The Registrar may object to the appointment by means of a written notice, stating the grounds for the objection, given to the chief executive officer, or acting chief executive officer of the bank, and to the appointee, within 20 working days of receipt of the notice referred to in subparagraph (i). 35
- (iii) If the Registrar objects to the appointment in terms of subparagraph (ii), the appointment shall be terminated within 14 working days of receipt of the Registrar’s notice of objection by the bank: Provided that the bank or appointee may dispute the Registrar’s objection, in which case the provisions of subsection (6)(d) to (k), inclusive, shall apply *mutatis mutandis*. 40
- (iv) Notwithstanding anything to the contrary in any law or in any agreement, the appointment by a bank of a chief executive officer, executive director or executive officer shall be subject to the resolute condition that the appointment is not terminated under subparagraph (iii).” 45
- (e) by the addition to subsection (5) of the following paragraph: 50
- “(c) For the purpose of this subsection ‘every bank’ means the chief executive officer, or in the case where it concerns the appointment of the chief executive officer, such member of the board of directors as may be designated by the board of directors.”; and 55
- (f) by the substitution for subsection (6) of the following subsections:

- (b) by die verrigting van sy werksaamhede as direkteur van so 'n bank of beheerende maatskappy die riglyne in ag moet neem en moet voldoen aan die vereistes wat kragtens artikel 90(1)(b) voorgeskrif word.];
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 5
- “(5) (a) (i) Elke bank [en elke beheerende maatskappy moet, ten minste 30 dae voordat die aanstelling van 'n nuwe direkteur (hetsy vir die doel van die vul van 'n toevallige vakature of in enige ander omstandighede) op sy raad van direkteure van krag word, die voorgeskrewe inligting ten opsigte van die voorgestelde nuwe direkteur skriftelik aan die Registrateur verstrek] moet aan die Registrateur skriftelik kennis gee van die benoeming van enige persoon vir aanstelling as 'n nie-uitvoerende lid van die bank se raad van direkteure deur die voorgeskrewe inligting ten opsigte van die benoemde persoon aan die Registrateur te verstrek. 10
- (ii) Die kennisgewing moet die Registrateur minstens 30 dae voor die beoogde datum van aanstelling bereik. 15
- (iii) Die Registrateur kan binne 20 dae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in subparagraaf (ii) teen die aanstelling beswaar aanteken by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gerig aan die voorsitter van die raad van direkteure van die bank en aan die benoemde persoon, waarin die gronde vir die beswaar uiteengesit word. 20
- (iv) Indien die Registrateur soos in subparagraaf (iii) beoog teen die voorgestelde aanstelling beswaar aanteken, mag die bank nie die benoemde persoon aanstel nie, en het enige voorgegewe aanstelling geen regskrag nie: Met dien verstande dat die bank of die benoemde persoon die Registrateur se beswaar kan betwis, in welke geval die bepalinge van subartikel (6)(d) tot en met (k) *mutatis mutandis* van toepassing is. 25
- (b) (i) [Geen aanstelling van 'n nuwe direkteur op die raad van direkteure van 'n bank of beheerende maatskappy, soos beoog in paragraaf (a), het regskrag by die toepassing van hierdie Wet of enige ander wet nie tensy die voorgeskrewe inligting ten opsigte van so 'n direkteur ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf (a) aan die Registrateur verstrek is.] Elke bank moet aan die Registrateur skriftelik kennis gee van die aanstelling van 'n hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte deur die voorgeskrewe inligting aangaande die aangestelde persoon aan die Registrateur te verstrek. 30
- (ii) Die Registrateur kan binne 20 werksdae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in subparagraaf (i) teen die aanstelling beswaar aanteken by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gerig aan die hoof- uitvoerende beampte of waarnemende hoof- uitvoerende beampte van die bank, en aan die aangestelde persoon, waarin die gronde vir die beswaar uiteengesit word. 35
- (iii) Indien die Registrateur ingevolge subparagraaf (ii) teen die aanstelling beswaar aanteken, word die aanstelling beëindig binne 14 werksdae na ontvangs deur die bank van die Registrateur se kennisgewing van beswaar: Met dien verstande dat die bank of die aangestelde persoon die Registrateur se beswaar kan betwis, in welke geval die bepalinge van subartikel (6)(d) tot en met (k) *mutatis mutandis* van toepassing is. 40
- (iv) Ondanks andersluidende bepalinge van enige wet of enige ooreenkoms, is die aanstelling deur 'n bank van 'n hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of 'n uitvoerende beampte onderworpe aan die ontbindende voorwaarde dat die aanstelling nie kragtens subparagraaf (iii) beëindig word nie.”; 45
- (e) deur die volgende paragraaf by subartikel (5) te voeg: 50
- “(c) By die toepassing van hierdie subartikel beteken ‘elke bank’ die hoof- uitvoerende beampte, of in die geval waar dit om die aanstelling van die hoof- uitvoerende beampte gaan, die lid van die raad van direkteure wat deur die raad van direkteure aangewys word.”; en 55
- (f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikels te vervang: 60

“(6) (a) [The provisions of subsection (5) shall not be construed as rendering the appointment of a director referred to in that subsection subject to the approval of the Registrar.] Without

derogating from any law, the appointment of a chief executive officer, executive director or executive officer of a bank may be terminated by the Registrar if the chief executive officer, executive director or executive officer concerned is not, or is no longer, a fit and proper person to hold that appointment, or if it is not in the public interest that such chief executive officer, executive director or executive officer continues to hold such appointment.

(b) If the Registrar wishes to terminate the appointment of a chief executive officer, executive director or executive officer of a bank, as envisaged in paragraph (a), the Registrar shall notify the following parties in writing of his or her intention and of the grounds for the proposed termination:

- (i) The chief executive officer, executive director or executive officer concerned;
- (ii) The chairperson of the board of directors of that bank (except if the chairperson of the board is the person whose appointment the Registrar wishes to terminate, in which case each director of the bank concerned shall be notified); and
- (iii) The chief executive officer of that bank, (except if the chief executive officer is the person whose appointment the Registrar wishes to terminate, in which case the deputy chief executive officer shall be notified).

(c) The written notice referred to in paragraph (b) shall notify such parties that they are entitled to submit written representations to the Registrar in response to that notice.

(d) Any affected party who wishes to respond to the Registrar's written notice shall submit written representations in response to that notice to the Registrar within 14 working days of receipt of the Registrar's notice, or within such longer period as the Registrar may, upon written application by the affected party concerned, allow.

(e) The Registrar shall, within 14 working days of receipt of a written representation referred to in paragraph (d)—

- (i) consider the representation;
- (ii) decide whether or not the appointment of the chief executive officer, executive director or executive officer concerned should be terminated for the reasons contemplated in paragraph (a); and
- (iii) give notice to the affected parties referred to in paragraph (b) of his or her decision in writing.

(f) If, after having considered any written representation in respect of the chief executive officer, executive director or executive officer concerned, the Registrar remains of the view that such officer's appointment should be terminated, or if no written representation is submitted to the Registrar within the period allowed under paragraph (d), the Registrar shall refer the matter to the Arbitration Foundation of South Africa or its successor-in-law, or any other body designated by the Registrar by means of a notice in the *Gazette* (hereinafter referred to as the “Arbitrator”) for arbitration in terms of expedited procedures, approved by the Registrar in writing and published in the *Gazette*.

(g) The Registrar shall make the request for arbitration referred to in paragraph (f)—

- (i) in writing; and
- (ii) within three working days after the expiry of the 14 day period referred to in paragraph (e) or, if the affected parties do not submit any written representations to the Registrar within the period

(6) (a) [Die bepalings van subartikel (5) word nie so uitgelê dat dit die aanstelling van 'n direkteur bedoel in daardie subartikel aan die goedkeuring van die Registrateur onderworpe stel nie.] Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van enige wet kan die Registrateur die

aanstelling van 'n hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte van 'n bank beëindig indien die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte nie 'n geskikte en gepaste persoon is, of nie meer 'n geskikte en gepaste persoon is, om daardie posisie te beklee nie, of indien dit nie in die openbare belang is dat so 'n hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte voortgaan om daardie posisie te beklee nie.

(b) Indien die Registrateur die aanstelling van 'n hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte van 'n bank wil beëindig soos beoog in paragraaf (a), moet die Registrateur die volgende partye wat daardeur geraak word skriftelik van sy of haar voorneme en van die gronde vir die voorgename beëindiging in kennis stel:

- (i) Die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte;
- (ii) Die voorsitter van die raad van direkteure van daardie bank (tensy die voorsitter van die raad die persoon is wie se aanstelling die Registrateur wil beëindig, in welke geval elke direkteur van die betrokke bank in kennis gestel moet word); en
- (iii) Die hoof- uitvoerende beampte van daardie bank (tensy die hoof- uitvoerende beampte die persoon is wie se aanstelling die Registrateur wil beëindig, in welke geval die adjunk hoof- uitvoerende beampte in kennis gestel moet word).

(c) Die skriftelike kennisgewing bedoel in paragraaf (b) moet sodanige partye in kennis stel dat hulle daarop geregtig is om skriftelike vertoë tot die Registrateur te rig in reaksie op daardie kennisgewing.

(d) 'n Geaffekteerde party wat op die Registrateur se skriftelike kennisgewing wil reageer, moet sy of haar skriftelike vertoë in reaksie op daardie kennisgewing binne 14 werksdae na ontvangs van die Registrateur se kennisgewing, of binne die langer tydperk wat die Registrateur op skriftelike aansoek van die betrokke geaffekteerde party toelaat, aan die Registrateur voorlê.

(e) Die Registrateur moet binne 14 werksdae na ontvangs van 'n skriftelike vertoog soos beoog in paragraaf (d)—

- (i) die vertoog oorweeg;
- (ii) besluit of die aanstelling van die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte, na gelang van die geval, om die redes beoog in paragraaf (a) beëindig moet word of nie; en
- (iii) die geaffekteerde partye bedoel in paragraaf (b) skriftelik van sy of haar besluit in kennis stel.

(f) Indien, na oorweging van enige skriftelike vertoë ten opsigte van die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte, die Registrateur steeds van oordeel is dat sodanige beampte se aanstelling beëindig moet word, of indien geen skriftelike vertoë binne die tydperk wat kragtens paragraaf (d) toegelaat word aan die Registrateur voorgelê word nie, moet die Registrateur die aangeleentheid verwys na die Arbitrasiestigting van Suid-Afrika ("Arbitration Foundation of South Africa") of die regsopvolger daarvan, of na enige ander liggaam deur die Registrateur deur middel van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys (hieronder die 'Arbiter' genoem) vir arbitrasie ingevolge versnelde prosedures wat skriftelik deur die Registrateur goedgekeur en in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

(g) Die Registrateur moet die versoek om arbitrasie bedoel in paragraaf (f)—

- (i) skriftelik; en
- (ii) binne drie werksdae na verstryking van die tydperk van 14 dae bedoel in paragraaf (e) of, indien die geaffekteerde partye nie binne die tydperk wat kragtens paragraaf (d) toegelaat word enige

allowed under paragraph (d), within three working days after the expiry of that period.

(h) The Arbitrator shall determine whether or not adequate reasons exist for the termination, by the Registrar, of the appointment of the chief executive officer, executive director or executive officer concerned.

(i) If under paragraph (h) the Arbitrator decides that adequate reasons exist for the termination, the Arbitrator shall confirm the termination of the appointment in writing addressed to the Registrar and the chief executive officer, executive director or executive officer concerned, whereupon the termination shall immediately take effect.

(j) If the Arbitrator determines that adequate reasons do not exist for the termination, the Arbitrator shall reject the termination by written notice to the Registrar and to the chief executive officer, executive director or executive officer concerned, whereupon the appointment of the person in question shall continue with full force and effect.

(k) A termination in terms of this section shall not be subject to review in terms of section 9.

(7) This section, where applicable, shall apply *mutatis mutandis* in respect of any branch or a controlling company.”.

#### Insertion of sections 60A and 60B in Act 94 of 1990

41. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 60:

##### “Compliance function

**60A.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law, a bank shall establish an independent compliance function as part of the risk management framework of the bank.

(2) The compliance function shall be headed by a compliance officer of the bank, who shall perform his or her functions with such care and skill as can reasonably be expected from a person responsible for such a function in a similar institution.

(3) The appointed compliance officer shall perform his or her functions subject to such requirements and conditions as may be prescribed in the Regulations relating to Banks.

##### Corporate governance

**60B.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law, the board of directors and executive officers of a bank shall establish and maintain an adequate and effective process of corporate governance, which shall be consistent with the nature, complexity and risks inherent in the activities and the business of the bank concerned.

(2) The process of corporate governance shall be established with the objective of achieving the bank’s strategic and business objectives efficiently, effectively, ethically and equitably (within acceptable risk parameters), to ensure—

(a) compliance with the strategic framework and guidelines established for the bank or controlling company;

(b) commitment by the executive officers of the bank or controlling company to adhere to corporate behaviour that is universally recognised and accepted as correct and proper;

(c) a balance of interests of the shareholders and other interested persons who may be affected by the conduct of directors or executive officers of the bank or controlling company within a framework of effective accountability;



skriftelike vertoë aan die Registrateur voorlê nie, binne drie werksdae na verstryking van daardie tydperk,

rig.

(h) Die Arbiter moet bepaal of daar genoegsame redes bestaan of nie vir die beëindiging deur die Registrateur van die aanstelling van die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte.

(i) Indien die Arbiter kragtens paragraaf (h) besluit dat daar genoegsame redes bestaan vir die beëindiging van die aanstelling, moet die Arbiter die beëindiging van die aanstelling skriftelik aan die Registrateur en die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte bekragtig, waarop die beëindiging onmiddellik van krag word.

(j) Indien die Arbiter bevind dat daar nie genoegsame redes vir die beëindiging bestaan nie, moet die Arbiter die beëindiging verwerp deur skriftelike kennisgewing aan die Registrateur en aan die betrokke hoof- uitvoerende beampte, uitvoerende direkteur of uitvoerende beampte, waarop die aanstelling van die betrokke persoon ten volle van krag bly.

(k) 'n Beëindiging ingevolge hierdie artikel is nie vatbaar vir hersiening ingevolge artikel 9 nie.

(7) Hierdie artikel is, waar toepaslik, *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n tak of 'n beherende maatskappy.”.

#### Invoeging van artikels 60A en 60B in Wet 94 van 1990

41. Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na Artikel 60 ingevoeg:

##### “Nakomingsfunksie

**60A.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings moet 'n bank 'n onafhanklike nakomingsfunksie instel as deel van die risikobestuurs- raamwerk van die bank.

(2) Aan die hoof van die nakomingsfunksie staan 'n nakomingsbeampte van die bank, welke beampte sy of haar pligte moet vervul met die mate van sorgsaamheid en vaardigheid wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat verantwoordelik is vir sodanige funksie in 'n soortgelyke instelling.

(3) Die aangestelde nakomingsbeampte moet sy of haar pligte vervul onderworpe aan die vereistes en voorwaardes wat in die Regulasies aangaande Banke voorgeskryf word.

##### Korporatiewe beheer

**60B.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings moet die raad van direkteure en die uitvoerende beamptes van 'n bank 'n afdoende en doelmatige proses van korporatiewe beheer instel en in stand hou, welke proses in ooreenstemming moet wees met die aard en ingewikkeldheid van, en die risiko's eie aan, die bedrywighede en die sake van die betrokke bank.

(2) Die proses van korporatiewe beheer moet ingestel word met die doel om die bank se strategiese en besigheidsoogmerke doeltreffend, doelmatig, eties en regverdig (binne aanvaarbare risikoparameters) te bereik, ten einde die volgende te verseker:

(a) Nakoming van die strategiese raamwerk en riglyne daargestel vir die bank of beherende maatskappy;

